## HOOFSTUK III VERTREKPUNT VAN DIE CHRISTELIKE OPVOEDKUNDE

### 1. Inleiding

Elke wetenskaplike studie moet iewers begin. Die mens wat die wetenskap beoefen, kan nie self 'n beginpunt skep nie, want hy is nie in staat om iets uit niks te voorskyn te bring nie. Daarom moet hy noodwendig begin by iets wat reeds bestaan. Hierdie werkstuk is bedoel om 'n wetenskaplike studie te wees. Daarom moet vooraf so duidelik moontlik aangedui word waar hierdie studie sal begin.

Histories gesien is daar twee beginpunte wat deur alle eeue heen en by alle opvoedkundige denkers gevind word: Die teosentriese benadering wat God of 'n god as beginpunt aanvaar, en die antroposentriese of homosentriese benadering, wat by die mens begin.

Aanhangers van hierdie twee uiteenlopende denkrigtings voer reeds sedert die vroegste tye 'n verbete stryd. Sedert die begin van die twintigste eeu het die stryd progressief in felheid toegeneem sodat die dringendheid van die regte keuse tussen genoemde opvattinge hoe langer hoe meer gevoel word.[1])

Die Christelik-nasionale opvoedkundige en opvoeder kan nie anders as om standpunt in te neem nie, en hy kan nie anders as om God as vertrekpunt vir sy opvoedkunde en opvoedingspraktyk te kies nie:

> ,,Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus. En as iemand op dié fondament bou goud, silwer, kosbare stene, hout, hooi, stoppels — elkeen se werk sal aan die lig kom, want die dag sal dit aanwys, omdat dit deur vuur openbaar gemaak word; en die vuur sal elkeen se werk op die proef stel hoedanig dit is."[2])
>
> ,,En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand."[3])

### 2. Die mens is die belangrikste skepsel op aarde

Ten spyte van die pasgenoemde stryd teen die antroposentrisme is

---

1) Lees bv. Van der Walt, S.J. Die mens of God?

2) I Kor. 3:11-13

3) Kol 1:17

die mens nogtans die belangrikste wese op aarde.[4]

Opvoeding het te doen met die mens in sy Godgeroepenheid en sy verantwoordelikheid teenoor God, medemens, homself en die res van die skepping. Die opvoeder moet mee-arbei om die mens na sy hoogste bestemming te lei.[5]

Vanuit die eerste vertrekpunt van die Opvoedkunde, nl. God, ontspring hier 'n pad waarlangs die mens in sy mensheid en geroepenheid en as beelddraer van God bestudeer moet word.

3. Die mens is 'n religieuse wese[6]

By die mens is daar altyd die misterieuse soeke na God en godsdiens. Dit is so omdat die mens as die geskapene van God altyd verlang na sy Vader en Skepper. Al huldig hy nog die venynigste ateïstiese opvattinge, kan hy hom nie losmaak van die verbindingslyn tussen God en mens nie. Hierdie apriori kan nie deur die mens ontvlug, verbreek of vernietig word nie. As hy God nie kan vind nie, soek hy 'n plaasvervanger, al is dit 'n ander mens of dier of totem.[7] Daar moet iets bo die mens wees om hom te beskerm, om vir hom 'n dak te wees en daardie ,,iets" moet magtig genoeg wees om alle onheil te kan afweer. Hierdie soeke na 'n god buite God is die gevolg van die mens se sonde en verdorwenheid. Die ongehoorsame kind het nog behoefte aan sy Ouer en soek nog steeds na Hom.[8]

Hierdie religieuse besef van alle mense het een groot gemeenskaplike element: Elkeen maak aanspraak op een of ander goddelike openbaring. In alle godsdienste is daar bepaalde opvattinge waaroor nie gedebatteer word nie omdat hulle na bewering regstreeks van 'n god of gode of die goddelike voorouers afkomstig is.

Die religieuse besef mag vaag of ,, schimmig" wees, moontlik niks meer as 'n aanvoeling dat daar iets bonatuurliks bestaan nie, maar daar is altyd vyf essensiële elemente teenwoordig:

(a) 'n Totaliteitsbelewing

Die mens verloor sy ,,ek-gevoel" in 'n gevoel van samehorigheid:

> ,, . . . in werkelijkheid (is) de mens niets anders . . . dan een golfje in de eeuwige onmeetlijkheid van het Alzijn."[9]

---

4) Lees ook die paragraaf oor die mensbeeld op p.94-105 hieronder.

5) Lees ook Bavinck, H. Paedagogische beginselen, p. 54

6) Lees ook Bavinck, J.H. Religieus besef en Christelijk geloof, p. 5-62

7) Ibid.

8) Vgl. die gelykenis van die verlore seun.

9) Bavinck, J.H. Op. cit., p. 20

Die mens wil soms die wêreld buig of verander na sy wil en dan besef hy skielik dat hy deel van die wêreld is:

„Nu weet ik wat het leven is. Licht en donker, zoeken en afstoten, zon en aarde, opgaan en ondergaan, ze zijn alle in mij en ik ben in alle. Het heelal behoort bij mij en ik behoor tot den heelal. Het grote zijn omsluit mijn eigen, kleine zijn, de makrokosmos omspant de mikrokosmos van mijn eigen, nietig vergankelijk aarde-zijn." [10]

Die gelowige Christenopvoeder soek egter nie op grond van sy totaliteitsbelewing soos een wat in die duister tas na die misterie van 'n verbondenheid met die kosmos nie. Hy beskik oor die Christelike lig wat noukeurig en ondubbelsinnig aandui wat die mens se plek in die kosmos is. [11]

(b) Normbesef

'n Normlose godsdiens bestaan nie en kan ook nie bestaan nie. God laat die mens toe om te kies en om 'n verantwoordelike keuse te kan doen, is norme onontbeerlik. So is die normbesef dan die gevolg van die religieuse besef. In sy sondigheid huldig die mens egter nie altyd die Goddelike norme en is hy ook nie altyd bewus van die oorsprong van sy norme nie. Daarom erken hy ook nie altyd dat God ook die God van die norme moet wees nie.

(c) Betrokkenheid op 'n hoër mag

God is werklikheid. Die mens is werklikheid. En die betrokkenheid van die mens op God is ook werklikheid. As die mens God dan nie ken nie, beteken dit nog glad nie dat hy hom op 'n bonatuurlike god of denkbeeld of iets anders mag verlaat nie. Onbewus is hy nog besig om God te soek.

(d) Die verlossingsbehoefte

Elke mens word gekonfronteer met kwaad, lyding en dood. Daarom het hy behoefte aan verlossing daarvan. Hy glo ook dat dié verlossing moontlik is en dat een of ander bonatuurlike instansie wel sy verlossing sal bewerkstellig. Dit is die mens se toekomshoop. Daarsonder sou hy nie mens gewees het nie. En hoewel die liggaamlike dood tog wel intree, soek alle godsdienste na 'n lewe ná die dood.

Die aard van die verlossing, die verlosser en die lewe na die verlossing is vir die Christenopvoeder van besondere belang. Die Bybel het meer as voldoende daaroor te sê.

---

[10]) Ibid., p. 20

[11]) Lees ook die paragraaf oor die mensbeeld op p. 94-105 hieronder.

(e) Lewensleiding

Die mens is net tot op sekere hoogte meester van sy lewe. God het besliste perke aan sy magte en kragte gestel. Hy is 'n eindige wese. Hy besef terdeë dat daar 'n hoër mag of selfs 'n verskeidenheid hoër magte moet wees en dat dit in staat is om in sy lewe in te gryp. Die daaglikse gebeure lewer bewys vir diegene wat daarna oplet.

Die Christenopvoeder besef terdeë dat hy die leiding en begeleiding van God nodig het. Maar die ongeloof gee aanleiding tot passiwiteit, 'n geloof in determinisme, 'n vertroue in die wêreldrede en selfs fatalisme.

Die feit dat 'n mens 'n religieuse besef het, maak dit nie vanself=sprekend dat hy God juis op die regte wyse sal dien nie. Die mens se son=digheid en die werkinge van Satan laat die weg van die mens maklik wegswenk van God af.

Langs die pad wat by God begin, is die leiding en begeleiding na God toe nog 'n belangrike verskynsel wat deur die Christelik-nasionale opvoedkundige deeglik ondersoek moet word.

4. Godsdiens is deel van die daaglikse lewe

Geen mens kan anders as om 'n bepaalde standpunt teenoor die godsdiens in te neem nie. Dis ook nie moontlik om godsdiens uit te skakel nie, want God is oral. Dis wel vir die mens moontlik om sy oë weg te draai van God af of om hulle te sluit, maar selfs dan is God nog altyd in die mens se nabyheid en is die mens nie sonder houding teenoor die godsdiens nie.

Waar God die beginpunt van die Christelike Opvoedkunde is, is hier=die saak van die godsdiens vir hom van besondere belang. Hy mag en kan nie anders as om warm teenoor God en godsdiens te wees nie.[12] Maar in 'n wêreld waarin so dikwels beweer word dat die onderwys neutraal teenoor die godsdiens en lewensopvattinge moet wees, kom hy in botsing met die aan=hangers van hierdie leer.[13]

'n Poging om die Opvoedkunde outonoom of semi-outonoom op 'n eie basis te fundeer, d.w.s. sonder om eers te vra wat die Bybel sê, en eers na die opvoedkundige begronding 'n vergelyking met die Skrif te tref, word ook soms gevind. Dan beweer selfs 'n teoloog soos Platinga dat

12) Openb. 3:14-16

13) Dosyne koerantberigte handel hieroor. In hoofstukke XV en XVI word verskeie spesifieke gevalle bespreek. Op p. 55 word kritiek hierop gelewer.

,,theologisch pedagogiseren" teologies en opvoedkundig onjuis is, omdat dit nie aan die Pedagogiek as wetenskap reg laat geskied nie.[14])

Aan die ander kant:

> ,,By Israel was godsdiens die reël van die lewe waardeur alle woorde en dade en gedagtes van die Israeliet bepaal is. Die Here het sy volk deur die geskiedenis, sy Woord, deur sy wet, voorgelig en onderrig; en so moes die vader die kinders lei en hulle leer van die God van Israel en van sy wonderdade met die volk."[15])

Die Christelike opvoeder se pad begin by God en daarom kan en mag hy nie anders as warm wees nie.[16]) Langs die pad wat by God die oorsprong begin en verder voortbeweeg na God die eindbestemming, is hy gedurig betrokke by die godsdiens en is sy onderwys en opvoeding ten nouste daaraan gekoppel en daarop gefundeer.

5. Buite God om is daar geen oplossing vir vraagstukke

Wanneer die mens op eie krag vertrou en buite God om probeer om sy probleme op te los, kry hy steeds met meer probleme te doen. Hy spartel soos 'n insek in die water en kan homself nie red nie.[17])

As God egter ingryp, is 'n blywende en uiters geslaagde oplossing gewaarborg. Die gewyde geskiedenis bied hier treffende voorbeelde. Vergelyk wat gebeur het met Gideon en Abimeleg, met Hiskia en Manasse, met Dawid en Saul, met Kain en Abel en talle meer.

Die opvoedkundige kry met al hierdie vraagstukke langs die opvoedingspad te doen. Daarom kyk hy terug na die oorsprong van alle dinge en wysheid, lewe en verstand. In die lig van die Woord word elke vraagstuk ondersoek want buite God om kan hy geen bevredigende oplossing vind nie. Daarom skryf Stoker:

> ,,Elke wetenskap, wat sig van die koninginneryk van die wetenskappe wil isoleer is uiteindelik gedoem tot onvrugbaarheid."[18])

En verder:

> ,,Waarom sou die Bybelse mededelinge aangaande die kosmos en

---

[14]) Platinga, G.H. Jeugd en godsdienstige vorming, p. 34

[15]) Coetzee, J.C. Eerste beginsels van die Calvinistiese opvoeding, p. 21

[16]) Vgl. Openb. 3:14-16

[17]) Lees enige werk oor die wêreldgeskiedenis en berigte in dagblaaie.

[18]) Stoker, H.G. Die wysbegeerte van die skeppingsidee, p. 12

aangaande die mens bots met die natuurlike gegewenheid en openba= ring van die kosmos en die mens in sy daaglikse lewe?"[19])

6. Die Archimedespunt in die Opvoedkunde

In enige wetenskaplike studie moet die Archimedespunt buite die stu= dieterrein gesoek word. Vanuit daardie punt moet die studieverskynsel uit= gelig word vir verdere ondersoek.

> ,,Dit vaste punt, van waaruit wij, wijsgerig denkend, ons de idee der (kosmologisch) zin-totaliteit alleen kunnen vormen, noe= men wij het Archimedisch punt der wijsbegeerte."[20])
>
> ,,En het Archimedisch punt behoort aan deze drie voorwaarden te voldoen:
>
> 1 - Het mag niet los zijn van ons eigen subjectieve zelfheid, want het is deze zelfheid, die in het wijsgerig denken actueel werk= zaam is en waarin wij de zin-verscheidenheid alleen kunnem trancendeeren.
>
> 2 - Het mag niet los zijn van de wet, want zonder wet zinkt het subject weg in chaos, of liever in het niet, wijl het slechts door de wet bepaald en begrensd wordt.
>
> 3 - Het moet alle zin-verscheidenheid trancendeeren en zich bevinden in de zin-totaliteit van den kosmos, waaraan onze zelfheid deel moeten hebben, zal zij er, wijsgerig denkende, een idee van hebben."[21])

Waar gaan die opvoedkundige nou staan as hy die opvoedingsverskynsel wil uitlig uit die ganse menslike lewe? En wat wil hy nou eintlik uitlig? Wat is opvoeding in sy diepste wese?[22])

Talle Archimedespunte is al gesoek. Oberholzer soek 'n antropologies gefundeerde Archimedespunt,[23]) maar ander Calvinistiese skrywers neem iets anders uit die handewerk van God as grondidee, bv. Bavinck neem die openbaringsidee, Vollen= hoven en Dooyeweerd neem die wetsidee en Stoker die skeppingsidee.[24]) In hierdie verband wys Stoker daarop dat die openbaringsidee en die wets=

---

[19]) Ibid., p. 14-15

[20]) Dooyeweerd, H. De wijsbegeerte der wetsidee, Vol.I, p. 10

[21]) Ibid., p. 14-15

[22]) Die laaste vraag is reeds op p.20-29 beantwoord.

[23]) Oberholzer, C.K. Op. cit., p. 178-179

[24]) Stoker, H.G. Op. cit., p. 21

idee eintlik onvoldoende is. Die kosmos is nie net openbaring nie en dit is nie net 'n wetsonderdaan nie. Dis 'n eiesoortige werklikheid, dit het 'n eiesoortige eiewaarde, 'n eiesoortige bestaan en 'n eie-syn. Daarom is Gen. 1:1, dit is die fundering van die skeppingsidee, die omvattendste Archimedespunt. Dit sluit ook die openbaringsidee en die ~~skeppingsidee~~ wetsidee in, en voldoen aan die drie voorwaardes deur Dooyeweerd gestel. Die skepping het uit liefde tot stand gekom. Die liefdesbelang is meer as 'n sinsbelang en die skeppingsaktiwiteit is meer as 'n wetsbepaling.[25]

Hierdie saak is aangeroer omdat die Christenwetenskaplike ook gekonfronteer word met die probleem van objektiwiteit: Hoe moet hy optree ten einde nie sy kennisbeelde skeef te trek deur sy subjektiewe, beperkte, sondige vooroordele nie? In hierdie Archimedespunt is die oplossing geleë: Die Christenwetenskaplike begin by Gen. 1:1 en neem hierdie standpunt in. Dan is hy suiwer objektief, want hy steun op God en Hy is volmaak. Dan kan hy vanuit hierdie Archimedespunt die ganse werklikheid in sy Goddelike realiteit ondersoek.

Hier moet duidelik gestel word dat dit geensins 'n neutrale standpunt is wat hier gehuldig word nie. Dis 'n keuse vir God en nie 'n keuselose houding nie.

Die Christenopvoedkundige het net maar een ~~aspek~~ saak van die werklikheid vir ondersoek. Die Christelike Opvoedkunde is ook 'n wetenskap, en bowendien kan die eenheid van die wetenskap nie verbreek word nie al word net sekere aspekte vir besondere geleenthede uitgesonder vir 'n verdere ondersoek.

Hierdie vertrekpunt vir alle wetenskap is God, maar direk by die aanvang van die pad wat die wetenskaplike moet bewandel, word die saak van die Archimedespunt van kardinale belang.

## 7. Geloof en openbaring

Die krag van die geloof word op talle plekke in die Skrif geïllustreer. Die groot dade van Abraham, Moses, Josua, Gideon, Dawid, Paulus en talle ander lewer oorvloedige bewys van waartoe die geloof die mens in staat stel. Christus het ook dikwels oor hierdie onderwerp gepraat, bv. waar Hy gesê het dat die berg homself sal oplig en in die see werp as die mens net glo. Die Christen weet dat die krag van die geloof net so reëel is as die sigbare en tasbare en hoorbare in die natuur.

---

[25]) Ibid., p. 22-26

Dooyeweerd het heelwat oor die geloof te sê. Net enkele gedagtes:[26])

* Die geloof kan nie bestaan sonder die openbaring van God nie.

* Hierdie Godsopenbaring is gerig op die hart.

* Die geloof is die laaste sekerheid van die vaste grond in die mens se lewe. Dis integraal in die mens se hart deur die openbaring van God as die oorsprong van alles.

* Die geloof is 'n intuïtiewe sekerheid, 'n evidensie.

* Die openbaring verbind die tydelike met die ewige. Hierdie openbaring geskied dan midde-in die tyd en onmiddellik in die teenwoordigheid van die mens, want God is naby.

* ~~Die geloof is bo-tydelik en religieus al volg dit op die wete~~.

* Sonder verering van God is wesenlike geloof onbestaanbaar.

* Geloof is in wese omgang met God en medegelowiges.

* Indien die mens die Bybel in ongeloof lees, kan hy wel die taalkundige betekenis van wat hy lees, verstaan, maar dit gedy nie tot geloofsbetekenis nie.

* Begrip van die ware **religieuse** grondmotief van die Skrif is 'n voorvereiste vir geloofskennis. Hierdie motief is die allesoorheersende dryfkrag van die Heilige Gees waardeur geloofskennis tot die mens deurdring.

Die vraag of die geloof tot die terrein van die wetenskap behoort, word op verskillende wyses beantwoord:

* Alle geloof mag as onwetenskaplik of selfs a-wetenskaplik bestempel word.

* Die geloof mag beskou word as voorwetenskaplik, bowetenskaplik of nawetenskaplik, maar nie as wetenskap nie.[27])

* Die geloof het wel sy plek in die wetenskapsbeoefening. Dis die grond van die wetenskap. Dis ingebed in die wyses waarop die mens tot wetenskaplike kennis kom.

Laasgenoemde standpunt word in hierdie werkstuk gehuldig.[28])

'n Ander vraag wat onvermydelik opduik, is die volgende: Is die geloof rasioneel of irrasioneel? Glo die mens net wat sy verstand hom laat glo, of glo hy juis net wat God aan hom voorhou as die waarheid? Is daar 'n

---

[26]) Dooyeweerd, H. Vernieuwing en bezinning om het reformatorisch grondmotief, p. 88-91.

[27]) Voorstanders van die sg. fenomenologiese benadering, bv. Langeveld, Strasser, Landman e.a. het baie hieroor te sê.

[28]) In hoofstuk IV word hierop uitgebrei.

skeiding tussen geloof en verstand? Indien wel, is dit die oorsprong van die onversoenbaarheid van die Woord en die wetenskap?

Die antwoord wat hier verstrek word, is net die slotsom na sorgvuldige oorweging.[29] Die geloof is in sommige gevalle rasioneel en in ander irrasioneel. God het die mens 'n verstand gegee en daarmee kan hy baie dinge verklaar of op grond van rasionele argumente aanvaar. Maar die intellek is beperk, sodat talle dinge die mens se verstand te bowe gaan. Die mens aanvaar hierdie dinge op gesag van die openbaring van God. Dit kan net geskied as die Heilige Gees op die hart van die mens inwerk, want hiersonder sal die mens nooit kan glo nie. Hierdie geloof is dan vir so ver dit die mens betref, irrasioneel.

Hierdie saak van die geloof is vir die Christenopvoedkundige van kardinale belang. Hy moet van meet af glo in God en glo dat God die vertrekpunt van sy wetenskap is. Die eerste sowel as alle ander skrede op die pad kan alleen in geloof bewandel word. Sonder die geloof kan die taak van die formulering van die Opvoedkunde sowel as die opvoeding in die praktyk nooit suksesvol uitgevoer word nie.

## 8. Waardeopvattinge

In enige opvoedkundige bespreking moet noodwendig aandag geskenk word aan die vraagstuk van waardes, want anders kan moontlik beweer word dat die opvoeding waardeloos en daarom onnodig is. Vir die Christelik-nasionale opvoeder en opvoedkundige is dit van kardinale belang om 'n duidelike beeld van godsdienstige, kulturele, etiese, verstandelike, emosionele en wils- en liggaamlike waardes te verkry. Dis voor die handliggend dat hy die Bybel van meet af sal raadpleeg. Maar alle probleme wat hiermee saamval, is nie direk net so in die Bybel aangeteken nie en daarom kan maar net deur implementering van Bybelse beginsels oplossings gesoek word.

In opvoedkundige werke[30] word soms verwys na die rangorde van waardes, waar elke mens sy unieke rangorde op grond van sy wêreld- en lewensbeskouing opbou. Daar word o.a. gesê dat 'n rangorde nooit permanent kan wees nie omdat 'n mens jou lewe lank daaraan bou en ook dat die waardes se posisies in die hiërargie mag afwissel. Dis die bloot menslike

[29]) Talle skrywers, o.a. Calvyn, albei Bavincks, Dooyeweerd, Waterink, Coetzee en Van der Walt het hieroor geskryf. In die Bybel, veral in die briewe van Paulus, word dikwels hierna verwys.

[30]) Bv. Pistorius, P. Kaart en kompas van die opvoeding, p. 103-104

siening en as die rangorde 'n saak van mensewerk is, sal dit so wees. Maar in die Bybelse lig lyk die prentjie heelwat anders.

Die Christelike waardes kom van God. Dit is dan ook die ware waardes. Nêrens in die Skrif word enige aanduiding gevind dat die een waarde 'n voorkeur bo 'n ander moet kry nie. Trouens, die wet van die liefde,[31] wat ook die wet van die waardes genoem kan word, is 'n samevatting van alle waardes, of anders gestel, dis die omskrywing van die een groot waarde waaruit alle ander waardes ontspring.[32] Maar die liefde kom van God en buite God kan geen liefde bestaan nie. Daar word ook geen grense aan die liefde gestel nie, sodat 'n mens jou broer sewentig maal sewe keer moet vergewe. Daarom behoort daar slegs absolute liefde en absolute waardes te wees, sodat alle waardes langs mekaar gerangskik moet word en nie op 'n vertikale lyn nie.

Hiermee verval die gedagte van positiewe, negatiewe en zero-waardes. Vir die Christen kan daar nooit zero-waardes bestaan nie, al word dit ook met 'n ander benaming aangedui, terwyl negatiewe waardes eintlik anti-waardes is.

Die permanentheid en veranderlikheid van waardes word ook soms onder die vergrootglas geneem. Van Christelike kant kan nie anders beweer word nie as dat waardes onveranderlik vas is nie:

„Vir ewig, o Here, staan u woord vas in die hemele."[33]

Kan waardes ophou om te bestaan en kan nuwe waardes tot stand kom? Hierbo is gesê dat die liefde, soos deur God gegee, die groot sentrale oerwaarde is en alle ander waardes slegs gevalle is waar die liefde geïmplementeer word. Aldus gesien kan die liefde nooit ophou om te bestaan nie en kan geen ander primêre of newewaarde ooit ontstaan nie. Maar sekondêre waardes, waar die liefde geïmplementeer word, mag ophou om te bestaan wanneer hulle nie meer nodig is nie, en nuwe waardes mag ontstaan om in nuwe behoeftes te voorsien. So het die waarde wat aan die ossewa geheg is, verval en word 'n nuwe waarde aan die vragmotor geheg.

Alles begin weer by God en van die begin van die mens se pad af is die probleem van waardes aktueel. So is dit dan ook noodsaaklik om by die aanvang van 'n wetenskaplike studie 'n studie te maak van waardes, waarin die Skrif geraadpleeg moet word.

---

31) Mat. 22:37-39

32) Mat. 22:40, I Kor. 13:13 en Rom. 12:9-21

33) Ps. 119:89

9. Hiernoumaals en hiernamaals

Die omskrywing van die begrip opvoeding wat reeds gegee is,[34] impliseer dat opvoeding met beide die hiernoumaals en die hiernamaals gemoeid is: Die opvoedingsgebeure speel in die hiernoumaals af maar is gemik op die hiernamaals. Verder impliseer dit dat opvoeding nie gedurende 'n mens se lewe ophou nie, sodat dit nie net ,,onvolwassenes" is wat opgevoed word nie.[35]

Hierdie opvattinge strook met die Skrif. Die vertrekpunt is nogmaals God en die eindpunt is weer God.

10. Soewereiniteit van die Opvoedkunde[36]

> ,,Ons handhaaf . . . die soewereiniteit in elke wetenskap en tegelyk noodwendige wisselwerking tussen wetenskappe, tussen die vakwetenskappe onderling, tussen die vakwetenskappe en die wysbegeerte, en ook tussen die genoemde wetenskappe en die teologie."[37]

Hierwan moet nie afgelei word dat die Opvoedkunde outonoom is en net van die vakwetenskappe, die Wysbegeerte en die Teologie as hulpwetenskappe gebruik maak nie. Net God is werklik outonoom en sy Woord is die ware outoriteit.[38] Daarom mag die opvoedkundige nie sê: ,,Ek laat my nie deur enige ander wetenskaplike voorsê nie. Waar ons verskil, handhaaf ek my standpunt want my vak is in geen opsig ondergeskik aan enige ander nie."

As die Opvoedkunde as outonoom beskou word, kan enige vertrekpunt na willekeur geneem word. Die Christelik-nasionale opvoedkundige begin egter ook in hierdie geval by God. Dan kom die soewereiniteit van die Opvoedkunde ook van God. Aangesien dit ook die geval met die vakwetenskappe, die Wysbegeerte en vanselfsprekend die Teologie moet wees, kan daar geen verskil tussen al die wetenskappe voorkom nie. Indien dit nog lyk of daar 'n verskil is, moet dit aan menslike foute in die wetenskapsbeoefening toegeskryf word.[39]

Dit kom daarop neer dat die Opvoedkunde by God begin en dan die be=

---

34) P. 20-29

35) Vgl. p. 79-81 hieronder.

36) Op p. 52 word meer gesê oor soewereiniteit in eie kring.

37) Stoker, H.G. Op. cit., p. 12

38) Deut. 4:2 en 5:32

39) Vgl. Strauss, D.F.M. Wysbegeerte en vakwetenskap, veral p. 24-36

paalde aktiwiteit, wat deur God ingestel is,[40]) uitsonder vir studie. Binne daardie gebied word eerstens van hulp en leiding van die Teologie gebruik gemaak. Daarna word ook kers opgesteek by die Christelike Wysbegeerte. Dit geskied in 'n poging om 'n waarlik Christelike Opvoedkunde op te bou. Die ander wetenskappe verskaf net bruikbare gegewens, maar bepaal nie die rigting waarin die Opvoedkunde beweeg nie, want dit is reeds bepaal en is trouens dieselfde as dié van alle Christelike wetenskappe.

Wanneer dit by ondersoekmetodes en wetenskaplike wette kom, verskil die prentjie. Die opvoedkundige en die chemikus sal kragtens die eiesoortigheid van hulle ondersoekterreine verskillende werkwyses gebruik.

God het so 'n komplekse skepping tot stand gebring en daarin is so 'n wye verskeidenheid verskynsels te vinde dat die beginsel van soewereiniteit in eie kring in die wetenskapsbeoefening gehandhaaf moet word.

## 11. Die opvoedingsverskynsel as vertrekpunt

Die opvatting dat die opvoedingsverskynsel self die vertrekpunt van die Opvoedkunde moet wees,[41]) kan nie Bybels begrond word nie. Dit rus op niks meer as 'n rasionele benadering nie, asof die ander aspekte van die mens, nl. sy godsdienssin, emosie, wil en liggaam nie in ag geneem moet word in die wetenskapsbeoefening nie.[42])

Die opvoedingsverskynsel kan in elk geval nie 'n geskikte vertrekpunt vir die Opvoedkunde wees nie, omdat dit nie ver genoeg terugstaan nie. Daarmee word bedoel dat die vertrekpunt <u>voor</u> die verskyning van die opvoeding gesoek moet word. Die mens se beginpunt is God en Hy het die opvoeding op die pad van die mens geplaas. Die mens ontmoet die opvoedingsverskynsel nadat hy reeds die beginpunt verlaat het, al het hy nog nie ver op die pad gevorder nie.

## 12. Gevolgtrekking

,,Om die koninkryk van God voor alles te soek maak ons nie eensydige, sieklik sentimentele en oorgeestelike wesens wat behep is met stroperige hemelverlange en eensydige wêreldversaking nie. Nee, dit bring juis balans en ewewig in ons lewe. Ons ganse lewe kom

---

40) Vgl. Ps. 119:9, 33-35, 66, 72 en 105

41) Die fenomenistiese standpunt

42) Lees ook p. 51-52 hieronder.

te staan in die teken van die koninkryk, ons hele hele lewe kom onder die beslag van Christus. Die kruis en die opstanding en die troonbestyging van Jesus Christus word ook bepalend vir ons mielie-oes en ons woltjek, vir ons wetenskapksbeoefening en ons vryetyds-besteding. Ja, dit spreek mee in die voedsel op ons tafel en die klere aan ons liggaam."[43])

God is die begin, die voortgang en die einde van die wetenskapsbeoe-fening en daarom ook van die Opvoedkunde, soos duidelik spreek uit die Skrif o.a. uit die volgende woorde:

„In die begin het God die hemel en die aarde geskape."[44])

„U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad."[45])

„Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde, die eerste en die laaste."[46])

---

43) Duvenage, S.C.W. 'n Wêreldorde omgekeer, p. 102

44) Gen. 1:1

45) Ps. 199:105

46) Openb. 22:13